Woensdag 23 Desember
Skrifgedeelte: Psalm 138
Fokusgedeelte: Psalm 138:8
Die Here se troue liefde duur vir ewig

In 2 Samuel 7 lees ons dat God 'n verbond met Dawid gesluit het: "... *jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan*" (2 Sam. 7:16). Daarmee saam het die Here vir Dawid belowe dat Hy vir hom rus van sy vyande sal gee.

Hierdie verbond en belofte is genoeg rede vir Dawid om die Here te loof en te prys. Die hele psalm beklemtoon die Here se getrouheid. Eerstens loof Dawid die Here vir sy getrouheid en vir die feit dat Hy sy kinders se gebede verhoor (vs 1-3). Tweedens is daar 'n profesie dat alle konings van die aarde die Here sal prys (vs 4-6). Laastens sluit Dawid die psalm af om sy vertroue in God te beklemtoon, want die Here se troue liefde duur vir ewig (vs 7-8).

Dawid was deur die Gees gelei om die Here vir sy getrouheid te loof, dit te sing en om dit neer te pen om vir alle geslagte behoue te bly. Ons loof die Here saam met Dawid, want die verbond wat God met hom gesluit het, het in vervulling gegaan met die geboorte van Jesus Christus, ons Here en Saligmaker – Hy is die Een wat op sy voorvader Dawid se troon sit om tot in ewigheid te regeer. Ons bid saam met Dawid dat God nie sy handewerk sal laat vaar nie. Ons is totaal en al afhanklik van Hom en maak staat op sy troue liefde wat tot in ewigheid duur. Ons geloofsekerheid rus in God se verbondsliefde. Ons plaas nie ons vertroue in onsself nie, want ons is swak en sondig. Ons plaas ons vertroue in die Here wat sy handewerk nie sal laat vaar nie en wat getrou is tot in alle ewigheid.

*Sing: Psalm 138-1:3, 4*

*Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)*